


**THE PROVINCE OF
GAUTENG**



**DIE PROVINSIE
GAUTENG**

**Provincial Gazette Extraordinary
Buitengewone Provinsiale Koerant**

Selling price • Verkoopprijs: **R2,50**

Other countries • Buitelands: **R3,25**

Vol. 4

PRETORIA, 25 SEPTEMBER 1998

No. 532

**GENERAL NOTICE
ALGEMENE KENNISGEWING**

NOTICE 2420 OF 1998

GAUTENG DEPARTMENT OF EDUCATION

**EXAMINATIONS AND ASSESSMENT ACT, 1997
(ACT No. 7 OF 1997)**

**RULES RELATING TO THE CONDUCT OF THE SENIOR CERTIFICATE EXAMINATION
IN TERMS OF THE EXAMINATIONS AND ASSESSMENT ACT, 1997**

The Head of Department has, under the power granted in the Examinations and Assessment Act, 1997 (Act No. 7 of 1997), issued the Rules contained in the Schedule hereto.

SCHEDULE

Definitions

1. (1) Subject to subsection (2) and unless the context indicates otherwise, a word which is defined in the Examinations and Assessment Act, 1997 (Act No. 7 of 1997) or in the Senior Certificate Examination Regulations, 1998, has the same meaning in these Rules.

(2) In these Rules, unless the context indicates otherwise, the following definitions apply—

“**answer book**” means an answer book issued to candidates for the purpose of answering questions in the examination;

“**Chief Invigilator**” means an official appointed as Chief Invigilator for the purpose of conducting the examination, and is also an Invigilator;

“**Director**” means the Director: Examinations and Certification in the Department;

“**examination**” means the Grade 12 Senior Certificate examination and includes the Grade 12 Senior Certificate Supplementary examination, and includes any part of the examination set for candidates at any examination sitting;

“**Invigilator**” means an official appointed as Invigilator for the purpose of conducting the examination;

“**proof of identity**” means a document which, in the reasonable opinion of the Director of Examinations, provides sufficient proof of the identity of a candidate;

“**the Regulations**” means the Senior Certificate Examination Regulations, 1998;

“**unauthorised material**” means any material or documents not authorised by the Department for examination purposes; and

“**unauthorised object**” means any object or item which may, in the opinion of an Invigilator, disturb candidates during an examination, and includes any telephonic, radio or musical device, alarm clocks, foodstuffs (excluding lozenges, sweets or gum) and refreshments.

Application

2. (1) All rules related to the conduct of the examination issued prior to these Rules are no longer in force, and are replaced by these Rules.

(2) A candidate who contravenes or fails to comply with these Rules is liable to a penalty in terms of the Regulations.

Examination instructions and other contraventions

3. (1) The Rules for the Conduct of Examination Sittings are set out in Schedule A, and any contravention of or failure to comply with a provision of Schedule A is a contravention of or a failure to comply with the Rules.

(2) Other Rules for the Conduct of the Examination are set out in Schedule B, and any contravention of or failure to comply with a provision of Schedule B is a contravention of or a failure to comply with the Rules.

Fines and Imprisonment

4. The circumstances in which a person is liable on conviction to a penalty of a fine or a period of imprisonment are set out in the Regulations.

Other penalties

5. The circumstances in which a person is liable to a penalty imposed by the Director are set out in the Regulations.

SCHEDULE A: RULES FOR THE CONDUCT OF EXAMINATION SITTINGS**Before the examination begins****1. Before the examination begins—**

- (a) a candidate may not commit an act calculated to give himself or herself, or another candidate, any unfair advantage in the examination;
- (b) candidates must give any unauthorised object or unauthorised material to the Chief Invigilator before the examination begins, and, subject to the Regulations, may recover such object or material after the examination has ended;
- (c) candidates must check the cover of the examination paper to ensure that they have been issued with the paper for the correct subject and the correct grade;
- (d) no candidate may look at the examination questions until the Chief Invigilator instructs him or her to do so, and no candidate may under any circumstances look at the examination questions unless they have been issued with the correct paper;
- (e) candidates must check that they have been issued with answer books appropriate to the grade for which they are registered;
- (f) candidates must read the instructions on the cover of the answer book carefully, and must comply with those instructions; and
- (g) candidates must obey the instructions of an Invigilator.

During the examination**2. During the examination—**

- (a) a candidate may not commit an act calculated to give himself or herself, or another candidate, any unfair advantage in the examination;
- (b) a candidate may not have any book, memorandum, notes, map, photograph or any other document or paper, including used paper, or any other material which may be of help in the examination and which the candidate is not allowed to have in terms of a stipulation of the examination, other than those which an Invigilator provides the candidate with;
- (c) candidates may not help other candidates, try to get help from other candidates or try to communicate with any person except an Invigilator;
- (d) candidates may not create a disturbance in the examination room or behave in an improper or unseemly manner;
- (e) a candidate may only attract the attention of an Invigilator by raising a hand, or, if the candidate is unable to do so, in some other silent way agreed before the examination between the candidate and a Chief Invigilator;
- (f) no explanation of examination questions may be asked for or given;
- (g) except in exceptional circumstances, and in such exceptional circumstances only with the permission of an Invigilator, candidates may not leave the examination room until after the examination has ended and an Invigilator has indicated that candidates may do so;
- (h) a candidate must have his or her admission letter in his or her possession while the candidate is in the examination room;
- (i) slide-rules and calculators may be used by a candidate in the examination unless it is indicated on the examination paper that such articles are prohibited;
- (j) only in subjects where drawing sheets are used, candidates may prepare the border and title block frame on the examination drawing sheets before the beginning of the examination so as to enable them to start on the contents of the examination paper when the examination commences;
- (k) all work, including rough work, must be done in the answer books provided;
- (l) candidates must pay strict attention to any instructions printed at the top of an examination paper relating to the use of separate answer books or answer sheets for different sections or parts of a paper;
- (m) when an Invigilator declares that the time allocated for the examination has expired, candidates must stop writing immediately; and
- (n) candidates must obey the instructions of an Invigilator.

After the examination has ended

3. After the examination has ended, and before leaving the examination room—
- (a) a candidate may not commit an act calculated to give himself or herself, or another candidate, any unfair advantage in the examination;
 - (b) candidates must remain seated at their desks until an Invigilator gives them permission to rise;
 - (c) a candidate must ensure that all his or her answer books, and any other material required by an Invigilator, have been collected by an Invigilator;
 - (d) a candidate may only leave the examination room when an Invigilator gives him or her permission to do so; and
 - (e) candidates must obey the instructions of an Invigilator.

SCHEDULE B: OTHER RULES FOR THE CONDUCT OF THE EXAMINATION**Technical contraventions of or failure to comply with the Rules****1. A candidate may not—**

- (a) be absent from an examination without a doctor's certificate or other acceptable reason;
- (b) write a subject on a different level or grade from that for which he or she was originally registered;
- (b) omit to write his or her examination number on an answer book;
- (c) write the wrong examination number on an answer book;
- (d) answer in the incorrect answer book;
- (e) damage or deface an answer book or remove pages from it;
- (f) write a subject different from that for which he or she is registered;
- (g) write papers of one subject on different levels or grades;
- (h) write the examination at a centre different from that which appears on the official timetable;
- (i) arrive late at the examination centre;
- (j) in the Supplementary Examination, write a subject on the converted grade instead of the grade applicable to the examination in respect of which the Supplementary Examination is conducted;
- (k) in the Supplementary Examination, write a different subject from those indicated on the official entry form;
- (l) in the Supplementary Examination, write more than the permitted number of subjects; or
- (m) perform any action that may affect the efficient administration of the examination.

Serious contraventions of or failure to comply with the Rules**2. A candidate may not—**

- (a) fail to provide proof of identity when required to do so by a Chief Invigilator, in the manner and at the time stipulated by that Chief Invigilator;
- (b) write an examination paper without being formally registered for that examination paper;
- (c) hand in an answer book different from the one issued by an Invigilator;
- (d) hand in an answer book which contains different handwritings;
- (e) remove an answer book from the examination room and submit it later;
- (f) be in possession of any unauthorised material or unauthorised objects in the examination room;
- (g) leave or insert any unauthorised material in his or her answer book;
- (h) have an answer, or part of an answer, in his or her answer book which has been gleaned by any means from another person;
- (i) copy an answer, or part of an answer, from another person or from a book or any other source;

- (j) obtain or attempt to obtain assistance from any source whatsoever;
 - (k) assist or attempt to assist another candidate during the examination;
 - (l) refuse to obey the reasonable instructions of an Invigilator or other official;
 - (m) be under the influence of alcohol or prohibited drugs;
 - (n) create a disturbance before, during or after an examination sitting;
 - (o) behave in an intimidatory manner; or
 - (p) perform any action that may affect the fair and efficient administration of the examination.
-

KENNISGEWING 2420 VAN 1998

GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

EKSAMINERINGS- EN EVALUERINGSWET, 1997
(WET Nr. 7 VAN 1997)**REÛLS WAT VERBAND HOU MET DIE AFNEEM VAN DIE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN
INGEVOLGE DIE EKSAMINERINGS- EN EVALUERINGSWET, 1997**

Die Hoof van die Departement het, ingevolge die mag wat deur die Eksaminerings- en Evalueringwet, 1997 (Wet Nr. 7 van 1997) verleen is, die Reëls uitgevaardig wat in die meegaande Bylae vervat is.

BYLAE**Definisies**

1. (1) Onderworpe aan subartikel (2) en tensy die konteks anders aandui, het 'n woord wat in die Eksaminerings- en Evalueringwet, 1997 (Wet Nr. 7 van 1997) of in die Senior Sertifikaat-eksamenregulasies, 1998, gedefinieer word, dieselfde betekenis in hierdie Reëls.

- (2) In hierdie Reëls, tensy die konteks anders aandui, is die volgende definisies van toepassing-
- “antwoordboek” beteken 'n antwoordboek wat aan kandidate uitgereik is vir die doel van die beantwoording van vrae in die eksamen;
 - “Hoofopsiener” beteken 'n beamppte aangestel as Hoofopsiener vir die doeleindes van die afneem van die eksamen, en is ook 'n Opsiener;
 - “Direkteur” beteken die Direkteur: Eksamens en Sertifisering in die Departement;
 - “eksamen” beteken die Graad 12-Senior Sertifikaat-eksamen en sluit in die Graad 12-Aanvullings-eksamen, en sluit in enige gedeelte van die eksamen wat vir kandidate tydens enige eksamensitting gestel is;
 - “Opsiener” beteken 'n beamppte aangestel as Opsiener vir die doel van die afneem van die eksamen;
 - “bewys van identiteit” beteken 'n dokument wat, na die redelike mening van die Direkteur van Eksamens, genoegsame bewys van die identiteit van die kandidaat verskaf;
 - “die Regulasies” beteken die Senior Sertifikaat-eksamenregulasies, 1998;
 - “ongemagtigde materiaal” beteken enige materiaal of dokumente wat nie deur die Departement vir eksamendoeleindes gemagtig is nie; en
 - “ongemagtigde voorwerp” beteken enige voorwerp of item wat, na die mening van 'n Opsiener, kandidate gedurende 'n eksamen kan steur, en sluit in enige telefoniese, radio- of musiektoestel, wekkers, voedsel (uitgesluit suiglekkers, lekkers of kougom) en verversings.

Toepassing

2. (1) Alle reëls in verband met die afneem van die eksamen wat voor hierdie reëls uitgereik is, is nie meer van krag nie en word deur hierdie Reëls vervang.

(2) 'n Kandidaat wat hierdie Reëls oortree of versuim om daaraan gehoor te gee, is onderhewig aan straf ingevolge die Regulasies.

Eksameninstruksies en ander oortredings

3. (1) Die Reëls vir die Afneem van Eksamensittings is uiteengesit in Bylae A, en enige oortreding van of versuim om 'n bepaling van Bylae A na te kom, is 'n oortreding of versuim om die Reëls na te kom.

(2) Ander Reëls vir die Afneem van die Eksamen is uiteengesit in Bylae B, en enige oortreding van of versuim om 'n bepaling van Bylae B na te kom, is 'n oortreding of versuim om die Reëls na te kom.

Boetes en gevangenisstraf

4. Die omstandighede waarin 'n persoon by skuldigbevinding onderhewig is aan straf van 'n boete of 'n tydperk van gevangenisstraf is in die Regulasies uiteengesit.

4. Die omstandighede waarin 'n persoon by skuldigbevinding onderhewig is aan straf van 'n boete of 'n tydperk van gevangenisstraf is in die Regulasies uiteengesit.

Ander strawwe

5. Die omstandighede waaronder 'n persoon onderhewig is aan straf wat deur die Direkteur opgelê word, is in die Regulasies uiteengesit.

BYLAE A: REËLS VIR DIE AFNEEM VAN EKSAMENSITTINGS

Voordat die eksamen 'n aanvang neem

1. Voordat die eksamen 'n aanvang neem -

- (a) mag 'n kandidaat nie 'n handeling uitvoer wat daarop gerig is om homself of haarself, of 'n ander kandidaat, enige onbillike voordeel in die eksamen te gee nie;
- (b) kandidate moet enige ongemagtigde voorwerp of ongemagtigde materiaal aan die Hoofopsiener gee voor die eksamen 'n aanvang neem, en, mag, onderworpe aan die Regulasies, sodanige voorwerp of materiaal weer na afloop van die eksamen terugkry;
- (c) kandidate moet die omslag van die eksamenvraestel nagaan om te verseker dat hulle met die vraestel vir die korrekte vak en die korrekte graad uitgereik is;
- (d) geen kandidaat mag na die eksamenvrae kyk totdat die Hoofopsiener hom of haar opdrag gee om so te maak nie, en geen kandidaat mag onder enige omstandighede na die eksamenvrae kyk nie tensy hulle met die korrekte vraestel uitgereik is nie;
- (e) kandidate moet nagaan of hulle met antwoordboeke uitgereik is wat van toepassing is op die graad waarvoor hulle geregistreer is;
- (f) kandidate moet die instruksies op die omslag van die antwoordboek noukeurig lees en moet daardie instruksies nakom; en
- (g) kandidate moet die instruksies van die Opsiener gehoorsaam.

Gedurende die eksamen

2. Gedurende die eksamen -

- (a) mag 'n kandidaat nie 'n handeling uitvoer wat daarop gerig is om aan homself of haarself, of 'n ander kandidaat, enige onbillike voorsprong in die eksamen te gee nie;
- (b) 'n kandidaat mag nie enige boek, memorandum, notas, kaart, foto of enige ander dokument of papier, insluitende gebruikte papier of enige ander materiaal hê wat in die eksamen van hulp mag wees en wat die kandidaat nie toegelaat is om ingevolge 'n stipulasie van die eksamen te hê nie, anders as dié waarmee 'n Opsiener die kandidaat voorsien;
- (c) kandidate mag nie ander kandidate help, probeer om hulp van ander kandidate te verkry of probeer om met enige persoon behalwe 'n Opsiener te kommunikeer nie;
- (d) kandidate mag nie 'n steurnis in die eksamenlokaal veroorsaak nie of hulle op 'n onvanpaste of onbehoorlike wyse gedra nie;
- (e) 'n kandidaat mag slegs die aandag van 'n Opsiener trek deur 'n hand op te steek, of, indien die kandidaat nie in staat is om dit te doen nie, op 'n ander stil wyse waarop deur die kandidaat en 'n Hoofopsiener voor die eksamen ooreengekom is;
- (f) geen verduideliking van eksamenvrae mag gevra of gegee word nie;
- (g) behalwe in uitsonderlike omstandighede, en in sodanige uitsonderlike omstandighede slegs met die toestemming van 'n Opsiener, mag kandidate nie die eksamenlokaal verlaat nie tot nadat die eksamen beëindig is en 'n Opsiener aangedui het dat kandidate dit mag doen nie;
- (h) 'n kandidaat moet sy of haar toelatingsbrief in sy of haar besit hê terwyl die kandidaat in die eksamenlokaal is;
- (i) skuifliniale en rekenaars mag deur 'n kandidaat in die eksamen gebruik word, tensy op die vraestel aangedui word dat sodanige artikels verbode is;
- (j) slegs in vakke waar tekenpapier gebruik word, mag kandidate die raam en die titelblokraam op die eksamentekenpapier voor die aanvang van die eksamen voorberei om hulle in staat te stel om met die inhoud van die eksamenvraestel te begin wanneer die eksamen 'n aanvang neem;
- (k) alle werk, insluitende rofwerk, moet in die antwoordboeke wat voorsien word, gedoen word;

- (l) kandidate moet noulettende aandag skenk aan enige instruksies wat boaan die eksamenvraestel gedruk is en verband hou met die gebruik van afsonderlike antwoordboeke of antwoordblaaie vir verskillende afdelings of gedeeltes van 'n vraestel;
- (m) wanneer 'n Opsieners verklaar dat die toegestane tyd vir die eksamen verstreke is, moet kandidate onmiddellik ophou skryf; en
- (n) kandidate moet die instruksies van 'n Opsieners gehoorsaam.

Na afloop van die eksamen

3. Na afloop van die eksamen, en voordat die eksamenlokaal verlaat word –
- (a) mag 'n kandidaat nie 'n handeling uitvoer wat daarop gerig is om homself of haarself, of 'n ander kandidaat, enige onbillike voorsprong in die eksamen te gee nie;
 - (b) moet kandidate by hulle banke bly sit totdat 'n Opsieners aan hulle toestemming gee om op te staan;
 - (c) moet 'n kandidaat verseker dat al sy of haar antwoordboeke en enige ander materiaal wat deur 'n Opsieners benodig word, deur 'n Opsieners versamel is;
 - (d) mag 'n kandidaat slegs die eksamenlokaal verlaat wanneer 'n Opsieners hom of haar toestemming gee om dit te doen; en
 - (e) moet kandidate die instruksies van 'n Opsieners gehoorsaam.

BYLAE B: ANDER REËLS VIR DIE AFNEEM VAN DIE EKSAMEN


Tegniese oortredings of versuim om die Reëls na te kom

1. 'n Kandidaat mag nie –
- (a) van 'n eksamen afwesig wees sonder 'n doktersertifikaat of ander aanvaarbare rede nie;
 - (b) 'n vak op 'n verskillende vlak of graad skryf as dié waarvoor hy of sy oorspronklik geregistreer was nie;
 - (c) nalaat om sy of haar eksamennommer op 'n antwoordboek te skryf nie;
 - (d) 'n foutiewe eksamennommer op 'n antwoordboek skryf nie;
 - (e) in die verkeerde antwoordboek antwoorde verskaf nie;
 - (f) 'n antwoordboek beskadig of skend of bladsye daaruit verwyder nie;
 - (g) 'n vak skryf wat verskil van die waarvoor hy of sy geregistreer is nie;
 - (h) vraestelle van een vak op verskillende vlakke of grade skryf nie;
 - (i) die eksamen by 'n sentrum skryf wat verskil van die een wat op die amptelike rooster verskyn nie;
 - (j) laat by die eksamensentrum opdaag nie;
 - (k) in die Aanvullingseksamen 'n vak op die omgeskakelde graad skryf nie, in plaas van op die graad wat van toepassing is op die eksamen ten opsigte waarvan die Aanvullingseksamen afgeneem word nie;
 - (l) in die Aanvullingseksamen 'n vak skryf wat verskil van daardie wat op die amptelike inskrywingsvorm aangedui word nie;
 - (m) in die Aanvullingseksamen meer as die toegelate getal vakke skryf nie; of
 - (n) enige handeling uitvoer wat die doeltreffende administrasie van die eksamen mag beïnvloed nie.

Ernstige oortredings of versuim om die Reëls na te kom

2. 'n Kandidaat mag nie –
- (a) nalaat om bewys van identiteit te lewer wanneer die kandidaat deur die Hoofopsieners daartoe versoek word nie, op die wyse en die tyd wat deur daardie Hoofopsieners gestipuleer word;
 - (b) 'n eksamenvraestel skryf sonder om formeel vir daardie eksamenvraestel geregistreer te wees nie;
 - (c) 'n antwoordboek inhandig nie wat verskil van die een wat deur 'n Opsieners uitgereik word;
 - (d) 'n antwoordboek inhandig nie wat verskillende handskrifte bevat;
 - (e) 'n antwoordboek van die eksamenlokaal verwyder en dit later voorlê nie;
 - (f) in besit wees van enige ongemagtigde materiaal of ongemagtigde voorwerpe in die eksamenlokaal nie;
 - (g) enige ongemagtigde materiaal in sy of haar antwoordboek laat of plaas nie;

-
- (h) 'n antwoord of 'n gedeelte van 'n antwoord in sy of haar antwoordboek hê wat op enige wyse van 'n ander persoon nagelees is nie;
 - (i) 'n antwoord of 'n gedeelte van 'n antwoord van 'n ander persoon of uit 'n boek of van enige ander bron afskryf nie;
 - (j) hulp van enige bron hoegenaamd verkry of probeer verkry nie;
 - (k) 'n ander kandidaat gedurende die eksamen help of probeer help nie;
 - (l) weier om die redelike instruksies van 'n Opsiner of ander beampte te gehoorsaam nie;
 - (m) onder die invloed van alkohol of verbode dwelmmiddels wees nie;
 - (n) 'n steurnis veroorsaak voor, gedurende of aan die einde van die eksamen nie;
 - (o) op 'n intimiderende wyse optree nie; of
 - (p) enige handeling uitvoer wat die billike en doeltreffende administrasie van die eksamen mag beïnvloed nie.
-



LET YOUR MOUSE DO THE WALKING



Subscribe to our full-text, Electronic Government Gazette and cut hours off the time you spend searching for information. Just point and click and within seconds, you can let your computer do the searching. Data is available within two days after publication and we can now also offer the full-text of the nine provincial gazettes. Contact us today and save time, space and paper.

tel:(012) 663-4954 fax:(012) 663-3543 toll free tel:0800 11 11 73
e-mail:info@sabinet.co.za www:http://www.sabinet.co.za



The proven source of information


Where is the largest amount of meteorological information in the whole of South Africa available?



Waar is die meeste weerkundige inligting in die hele Suid-Afrika beskikbaar?



Department of Environmental Affairs and Tourism
Departement van Omgewingsake en Toerisme

Wetlands are wonderlands!







Department of Environmental Affairs and Tourism

SA WEATHER BUREAU SA WEERBURO



**W
E
A
T
H
E
R
·
S
E
R
V
I
C
E
S
·
W
E
E
R
D
I
E
N
S
T
E**





THE WEATHER BUREAU HELPS FARMERS TO PLAN THEIR CROP



THE WEATHER BUREAU: DEPARTMENT OF ENVIRONMENTAL AFFAIRS & TOURISM
DIE WEERBURU: DEPARTEMENT VAN OMGEWINGSAKE EN TOERISME

CONTENTS**INHOUD**

No.	GENERAL NOTICE	Page No.	Gazette No.	No.	ALGEMENE KENNISGEWING	Bladsy No.	Koerant No.
2420	Examinations and Assessment Act (7/1997): Rules relating to the conduct of the Senior Certificate Examination.....	1	532	2420	Eksaminerings- en Evalueringwet (7/1997): Reëls wat verband hou met die afneem van die Senior Sertifikaat-eksamen.....	7	532